Hoe om ’n noodhulpsakkie te maak

Hierdie is ’n heerlike handwerkitem om met Verkennerdogters te maak.

? Stappe

1. Sny twee stukke materiaal van 36 cm x 43 cm uit.
2. Plaas die stukke materiaal opmekaar (regte kante na binne) en stik rondom vas.



3. Laat ’n stukkie oop om die sakkie om te dop. Naattoelating 1.5 cm.
4. Knip die hoeke van die sakkie.
5. Dop die sakkie om. Ryg die sakkie reg rondom.

6. Stik nou aan albei lang kante. Hou die voetjie van die naaldwerkmasjien naby aan die nate.
7. Vou nou albei kante na binne. Slegs ’n gedeelte word na binne gevou. Stik die kante naby die naat.
8. Gebruik spelde om afskortings te merk so groot soos wat jou noodhulpvoorraad is.
9. Stik die afskortings.
10. Plaas noodhulpvoorraad in die sakkie. Werk ’n lyntjie vas.
11. Rol die sakkie op en bind met die lyntjie vas.
12. Voordat jy die noodhulpsakkie maak, kan jy bespreek watter noodhulpvoorraad noodsaaklik is om in die sakkie te sit. Plaas die volgende items in ’n houer en haal een vir een uit en verduidelik wat die doel van elke item is:
    - Ontsmettingsmiddel soos Savlon of Detol
    - Antiseptiese salf soos Betadine
    - Anthihistamiensalf soos Anthisan
    - Pleister
    - Gaas vir skoonmaak van ’n oop wond
    - Verbande
    - Burnshield vir brand
    - Pynpille soos Panado
    - Imodium vir diarree
    - Rehidrasie soos Rehidrat-sakkies
    - Oogdruppels
    - Eno en Rennies vir sooibrand
    - Haartangetjie
    - Skêr
    - Latekshandskoene
    - Antihistamien tabelette vir alergieë

13. Pak die items terug in die houer. Deel vir elke spanlid ’n pen en papier uit. Laat hulle neerskryf wat hulle kan onthou wat in die houer is. Kyk wie die meeste kan onthou.

☺ Wenke

1. Laat elkeen vooraf oefen om met die naaldwerkmasjien te werk. Hierdie is nie moeilike stikwerk nie, maar hulle moet redelik reguit kan stik.
2. Indien jy 'n groot span het, kan jy vra dat een van die spanlede se ma's kom help en haar naaldwerkmasjien saambring.

☠ Waarskuwings

1. Stikwerk moet onder toesig geskied.
2. Maak seker dat die materiaal reg gehou word onder die naald. Vingers moet uit die pad van die naald gehou word.

🕮 Bronne

1. *Weg*, Mei 2007 – Die basiese 15 noodsaaklike noodhulpitems